## RSG Nuusbrief | 28 September 2022

Beste [FNAME]

Ons is op die vooraand van groot feesvieringe! Op 27 Oktober vier ons 85 jaar van Afrikaanse radio. Ek nooi almal uit om gedurende Oktober in te skakel vir ‘n lieflike bederf van **spesiale programme, herinneringe en feesvieringe!**

Oktober beteken ook ‘n nuwe kwartaal op die kalender, en daarmee saam nuwe **musiek-** en **ander reekse** op Sondae en die tweede dramaseisoen waar jy bederf word met die beste toneelspel van plaaslike akteurs in jou voorhuis, gratis met die komplimente van RSG. Indien jy dit misloop as gevolg van ander verpligtinge of beurtkrag, kan jy na die **potgooi** gaan luister op ons **webwerf.**

Van beurtkrag gepraat, onthou daar is **verskeie maniere** hoe jy steeds na RSG kan luister as die senders lol.

Die SAUK het onlangs ‘n nuwe telefoonsisteem geïnstalleer vanweë die landswye uitfasering van sekere tegnologie. Die ateljee-inbelnommer het dus verander, met slegs een inbelnommer vir sowel Johannesburg as Kaapstad se ateljees. So gesels gerus saam op 086 000 2084 en laat van jou hoor tydens programme. Die beste manier om kontak te maak tydens programme bly steeds die SMS lyn (45889) en WhatsApp (076 536 6961) vir stemnotas.

Die jaarlikse *Radio Awards* nominasies is onlangs bekend gemaak en RSG het vyf benoemings ontvang (die SAUK se 19 radiostasies het ‘n totaal van 111 benoemings in 28 kategorieë ontvang). Dit is vir uitsendings wat tussen 1 Januarie 2021 en 31 Maart 2022 uitgesaai is. Die wenners word op 26 November aangekondig.  Die finaliste is:

- Beste sake- en finansiesprogram: RSG Geldsake met Moneyweb (Ryk van Niekerk)
- Beste musiekprogram: Intune (Ettienne Ludick)
- Beste naweekprogram: Braaityd (Ettienne Ludick)
- Beste aandprogram: Countryklanke (Jacques Arendt)
- Beste nuusleser: Esté Gross (vir ‘n nuusbulletin wat Esté nog op RSG gelees het)

RSG het steeds ‘n paar permanente poste vakant. Die menslikehulpbronafdeling doen die werwing deur advertensies op die SAUK se webwerf, en ook op RSG se luggolwe en digitale platforms. As jy deel wil wees van die grootste Afrikaanse nasionale radiostasie, die vaardighede het en voldoen aan die vereistes, maak seker jy luister en volg RSG.

Ons is ook verheug om ‘n bekende stem terug te verwelkom op die lug – vanaf Oktober sal LiMari Louw agter die mikrofoon inskuif. Welkom LiMari!

Goeie nuus is dat RSG se digitale voetspoor uitbrei en jy kan ons nou ook op Instagram volg en deel by @rsg_100104fm. Twitter is steeds aktief by **@zarsg** en ons webtuiste by **rsg.co.za** is propvol detail inligting.

Tot volgende keer,

**Louise en die RSG-span**

## Afrikaanse radio word 85 jaar: só gaan ons feesvier

Die feesvieringe rondom 85 Jaar van Afrikaanse Radio gaan regdeur Oktober op lug aangebied word met ‘n verskeidenheid van musiek, drama, dokumentêre programme en selfs kompetisies vir RSG se luisteraars. Ons deel die **feesprogram** met jou, vertel van die **regstreekse konsert** en spog oor mylpale en prestasies in die **geskiedenis van Afrikaanse radio**. **Lees meer.**




---

## Moenie dié programme misloop nie!

**Geloof wat Grondvat**
Dié gereelde program begin met ‘n nuwe reeks op Sondagaand, 2 Oktober 2022, net ná die seweuur nuusflitse. Praktiese vrae wat kerkmense vra word bespreek, soos: Waarom keer Hy nie dat van sy kinders vermoor word nie? Waar is God as ek terminaal siek is? **Lees meer.**



**85 Jaar van musiek**
In dié dokumentêr op 29 September oor die evolusie van musiek op Afrikaanse radio, kyk Haidee Muller-Isaacs na veranderende luistergewoontes oor die 85 jaar – van grammofoonplaat tot digitale aflaaibare musiek, en ook na die befondsingsmodel van musiek – wie betaal en wie maak die geld? **Lees meer.**



**Nuwe middagvervolgverhaal**
*Die spoke van Duinebult*, deur Ronel Mostert, het op 15 September begin. Duinebult is ’n fiktiewe vissersdorpie aan die weskus van die Noord-Kaap. Agter die ongekunsteldheid, is daar egter ook baie spoke en geheime agter die oënskynlike rustigheid**. Lees meer.**



**Nuwe boekvoorlesing**
‘n Nuwe oggendboekvoorlesing, Tussen Vriende, deur Derick van die Walt, het op 15 September op RSG begin. Weeksdae, 10:45 in Alhoebekker. Die leser is Estel de Beer. Die storie handel oor die wel en weë van drie egpare in hulle vyftigs. **Lees meer.**




**RSG se realiteitsreeks vir tieners**
Ons baanbrekerrealiteitsreeks, KRAGKAMP het op Woensdag, 14 September 2022, afgeskop. Ontmoet eerstehands die verskillende deelnemers. Aanbieders en eksperts bemagtig die deelnemers om sterk te staan in alle fasette van hulle lewens, en om hul lewens te verander. **Lees meer.**




---

## Luister weer

Het jy een van dié programme misgeloop? Moet niks uitmis nie, klik net op die skakels.




**Landbou**
"Opkomende boere moet saam met besluitnemers om die tafel sit om 'n verskil te maak." Dis wat Kallie Schoeman van Die Schoeman Groep aan opkomende droëboonprodusente gesê het, wat onlangs deur dié groep vir hul sukses vereer is. **Lees meer.**





**Regsake**
Igna Klynsmith praat oor plakkers en die uitsetting van onregmatige huurders en okkupeerders, en of hulle vergoed behoort te word vir verbeteringe wat hulle aan 'n eiendom aangebring het. Die in duplum-reël, bewysregreëls en testamente word ook bespreek. **Lees meer.**



**Leefwêreld van die Gestremde**
Dié program het op 18 September sy 1,250ste uitsending gevier! Jacqui January en Fanie du Toit gesels met Louise Jooste en Kobus Burger van RSG en vorige deelnemers oor van die hoogtepunte, en die bewusmaking wat deur die program gekweek word. **Lees meer.**



**Gesondheid**
Groot vooruitgang is die afgelope dekade gemaak in die behandeling van miëloom, een van die drie hoofsoorte bloedkanker. Nuwe middels soos immunoterapie het reeds die oorlewingsyfer van miëloom van 2 jaar sowat 10 – 15 jaar gelede, verhoog tot 10+ jare vandag. **Lees meer.**




**Sterre en Planete**
Is die son die oorsaak van die hittegolwe in die noordelike halfrond? Starlink-satelliete se ruimteweervoorspellings en meer oor wat die kleure van sterre beteken. **Lees meer.**



**Hoe verklaar jy dit**
Watter uitwerking het natuurlike en geboude damme op die ekologie? Hoekom vind mens gereeld 'n klomp slange saam onder 'n klip? **Lees meer.**

---

# Kitsskakels

RSG programme en skedules

**ARTIKELS** Lees die artikels met potgooi skakels
**KIEKIES** Laai self foto's op Ooggetuie
**POTGOOIE** Baie programme is op potgooi beskikbaar
**PROGRAMSKEDULE** As jy jou week wil beplan, kyk na dié skedule
**RESEPTE** Geen rede om te komkommer oor enige ete nie

---

Kopiereg © 2022 The Good Doctors (Pty) Ltd, Alle regte voorbehou.
Klik op die volgende skakels om jou **besonderhede te verander** of jou intekening te **kanselleer.**